# Gemeentenuus

19 Julie 2026

## Hierdie week in die Gemeente

**Spes. Deurkollekte: Instandhoudingsfonds**

| | |
|---|---|
| **09:30** | **Erediens: Jongensfontein**<br>*Prop. Deona Aucamp* |
| **10:15** | **Erediens: Kerk: NAGMAAL**<br>*Ds. Leon Durie van **FEBA RADIO*** |
| **10:15** | **Erediens: Huis Stilbaai: NAGMAAL**<br>*Ds. Schalk Kotzé* |

## Volgende week

**Sin. Deurkollekte: Studentebearbeiding**

| | |
|---|---|
| **08:20** | **Jeugdiens: Kerk**<br>*Ds. Francois Taljaard* |
| **10:15** | **Erediens: Kerk**<br>*Ds. Francois Taljaard* |
| **10:15** | **Erediens: Huis Stilbaai**<br>*Mnr. Willem Doman* |

**FEBA Radio** is 'n interkerklike Christelike mediabediening (oorspronklik *Far East Broadcasting Association*) wat die Evangelie en opvoedkundige programme deur middel van radiouitsendings en oudio-Bybels versprei.

Hier is die kernaspekte van wat hulle doen:

- **Globale Bereik:** Hulle saai uit in meer as 150 tale en bereik miljoene mense in oor die 50 lande.
- **Verafgeleë Gemeenskappe:** Die fokus is daarop om die "Goeie Nuus" te bring aan mense in afgeleë gebiede of gemeenskappe waar toegang tot die Christendom beperk of swaar gesensor is.
- **Mediakeuses:** Hulle gebruik nie net tradisionele kortgolf- en FM-radio nie, maar ook slimfoontoepassings en sosiale media.
- **Projekte:** Hulle inisiatiewe sluit onder meer die verskaffing van spesiale oudio-Bybels aan onbereikte gemeenskappe in.

## Spesiale Deurkollekte:

Hierdie week se Spesiale Deurkollekte word opgeneem vir ons **Instandhoudingsfonds.**

Indien u 'n bydrae wil maak kan u dit **SLEGS** per **EFT** of **KONTANT** betaal.

**Merk asb. u bydrae:**
**"Instandhoudingsfonds"**

## LERAARS: DAGBOEKE

Ons leraars se dagboeke word deur die kerkkantoor bestuur.
Indien u 'n besoek deur 'n leraar benodig of weet van iemand wat nodig het dat die leraar hulle moet besoek, skakel gerus vir Lydia by die kerkkantoor om 'n afspraak te reël.




## HET U AL 'N KAARTJIE ??

**U SAL MOET VINNIG SPRING INDIEN U NOG 'N KAARTJIE WIL KRY VIR HIERDIE HEERLIKE GESELLIGHEID !**
**Daar is nog slegs enkele kaartjies oor.**


**U is ook welkom om 'n tafel vir 4 of 6 persone te bespreek.**

**Ondersteun asb. hierdie fondsinsamelingsgeleentheid van die Gasvryheidsbediening.**

**Skakel asb. vir Tersia by 072 1599 298 om u kaartjies te koop.**

## KERKKANTOOR GESLUIT

Let asseblief daarop dat die kerkkantoor weer eerskomende Woensdag, **22 Julie 2026** om **08:00** sal open en nié Maandag, soos voorheen gesê is nie. Die werk neem so bietjie langer as wat daar beplan is. Jammer vir enige ongerief.



*Vir navrae kontak vir Lydia Heyns by 082 456 2778*

## Met Leedwese

Ons harte gaan uit na die familie en vriende van



***Manie Smit***

wat oorlede is. Ons bid die Here se krag en vertroosting oor sy familie in hierdie baie moeilike en hartseer tyd.

## SAM



SAM staan vir Samaritaan en wat 'n voorreg om ander te kan dien.

'n Samaritaan is bereid om oor die pad te stap om ander te help. Ons wil meewerk om 'n gemeenskap te bou, waar almal saamstaan en mekaar help. Kom help ons om deernispakkies te maak of "Deps 'n Ouma of Oupa" in wie se lewe jy 'n verskil kan maak.

Sluit by ons aan, maar wees elke dag 'n Samaritaan, net daar waar jy is!

***Kontak gerus vir Anwyn Dreyer by 074 602 5295 vir verdere inligting***

## AFKONDIGINGS

Indien dit vir u moeilik is om ons Gemeentenuus elektronies te lees of te ontvang, is u meer as welkom om weekliks 'n harde kopié by die Kerkkantoor te kom afhaal.
Die Gemeentenuus is reeds vanaf die **Vrydag** vóór die Sondag gereed vir afhaal.



## SAKKIE VIR 'N PAKKIE

Badisa, in samewerking met 'n omgeegroep van die N.G. Kerk Stilbaai, het die *Sakkie vir 'n Pakkie Kosprojek* 'n hele paar jaar gelede begin.

Hierdie projek werk so:

In die voorportaal van die kerk, kerkkantoor en by Badisa se kantoor in Melkboomstraat, sal u sakkies vind. U neem 'n sakkie. Binne-in die sakkie is 'n papiertjie met die name van slegs een of twee items. U gaan koop die items, plaas dit in die sakkie en bring die sakkie terug na die kerk, Kerkkantoor, OK Grocer of Badisa, waar u dit in die beskikbare mandjies plaas. Indien u eerder 'n geldelike bydrae wil maak, kan u dit by Badisa self inbetaal. Kospakkies word opgemaak vir behoeftige gesinne. Dit is 'n baie verdienstelike projek en ons het elkeen van u se hulp dringend nodig.

## BAAIJA VIR BIETJIE

Gee jou goed 'n tweede lewe!
Baaija vir Biekie Liefdadigheidswinkel verwelkom skenkings van goeie tweedehandse items. Jou skenking help Badisa Stilbaai om kinders en gesinne in ons gemeenskap te ondersteun. Maak plek by die huis en maak 'n verskil in iemand se lewe!



Badisa

GRIEFSHARE

Hierdie program wil ondersteuning bied aan almal wat 'n geliefde deur die dood verloor het. Die uitnodiging is ook aan persone wat nie lidmate van ons gemeente is.

Ons begin weer DV. op Sondag, **26 Julie 2026** om **18:00** by die kerk met ons eerste aanbieding, wat 'n bekendstellingsgeleentheid vir alle belangstellendes sal wees.

***Vir meer inligting kontak gerus vir ds. Francois Taljaard by 061 460 6404 of Francois Jonker by 082 443 8299.***

## EERLIKHEIDSTAFEL

***Benodig items!!!***



Ons items is op die oomblik **baie min** en daarom vra ons dat u asb. bruikbare items, waarvan u dalk ontslae wil raak, vir hierdie deurlopende fondsinsame-lingsprojek sal skenk. **GEEN** CD's of boeke asb. U is welkom om dit gedurende kantoorure by die Kerkkantoor af te gee.

Almal is baie welkom om **Maandae tot Vrydae vanaf 09:00 - 12:00** lekker te kom snuffel en te koop in die binnehof by die kerk.

***Indien u van adres of persoonlike inligting verander het, kontak asb. die Kerkkantoor sodat ons u inligting kan opdateer.***

| **Leraars Besonderhede:** | **Bank Besonderhede** | **Kerkkantoor Inligting** |
|---|---|---|
| **Ds Francois Taljaard**, tel. 061) 460-6404 (Kloof & Platbos)<br>**Ds Vian Louw**, tel. 074) 131-7967 (Almal 50 jaar & jonger)<br>**Ds Mauritz Heyneman**, tel. 071) 159-9525 (Suidsee & Oewer (Stilbaai Oos en Plase Oos))<br>**Ds Schalk Kotzé**, tel. 083) 655-7930 (Hawe & Jftn)<br>**Prop. Deona Aucamp**, tel. 082) 470-8144 (Brug & Rivier) | Nedbank<br>Rek. Naam:<br>N.G. Kerk Stilbaai<br>Rek. Nr. 1626-522-391<br>Takkode: 198-765 | Pastoriestraat 15, Stilbaai, 6674<br>Posbus 23, Stilbaai, 6674<br>Tel nr. (028) 754-1705<br>Faks nr. (028) 754-2827<br>Epos: lydiaheyns@ngkstilbaai.co.za<br>admin@ngkstilbaai.co.za |